# PS KAI BEUKES

082 979 5698 | www.kbministries.co.za

**NUUSBRIEF NO. 2** **24 Januarie 2024**

Word gegroet almal wat deel geword het van die Gebeds beweging teen die duiwel en sy magte.

Jesus Christus is ons Verlosser en ons Koning. Sonder Hom, staan ons nie naastenby ‘n kans om oorwinnaars te wees nie. Dankbaar dat ons nie onder die naam van een of ander denominasie staan nie, maar as die liggaam van Jesus Christus.

Ons moet nou begin beplan aan tye waarin ons saam in gebed kan gaan om eerstens die Here te aanbid, en tweedens tye waarin ons direk teen die magte en owerhede van die bose kan opstaan en hulle werke neutraliseer.

Om geskikte tye te vind wat almal sal pas, is uiteraard nie so ‘n baie maklike taak nie. Almal is nie heeldag beskikbaar nie, maar moet maar tussen werksure die tye inpas. Daarom wil ek langs hierdie weg vra of u moontlik vir ons ‘n aanduiding kan gee watter tye u sal pas. Dan kyk ons of ons almal kan akkomodeer op dieselfde tye, of groepe kan vorm vir dieselfde tyd.

Om teen die duiwel te veg, is egter ‘n saak wat heeldag deurlopend kan geskied. Eintlik is dit die beste om gedurig teen die vyand te staan. Jy het nie nodig om op jou knieë te gaan om dit te doen nie. Ons buig net die knieg voor die Almagtige God, Vader, Seun en Heilige Gees.

Ek persoonlik poog om glad nie my tye van aanbidding en oorlogvoering in dieselfde asem te doen nie. Ek voel wanneer ek met die Groot God praat, het die duiwel geen plek nie. Daarom wil ek u ook aanbeveel om die twee sake apart te doen.

Laat my asb net weet, of gee my net ‘n aanduiding watter tye u die beste sal pas, dan werk ons aan ‘n program.

**Matt.18:18 en 19**
**Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.**
**19. Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.**

Baie dankie dat u deel geword het van die baie groot en belangrike taak

Vrede
Past. Kai Beukes